

18 Augustus

Dit lyk asof die swaarkry nie end kry nie

**Skrifgedeelte: Klaagliedere 3
Fokusgedeelte: Klaagliedere 3:15, 22-24**

Jeremia word saam met sy volk beproef. Die Here tug sy volk vanweë hulle sonde. Die Here het die volste reg om dit te doen, want die volk wou nie luister as die Here hulle terugroep nie. Dit voel egter vir Jeremia asof die Here sy vyand geword het wat lekker kry om hom seer en bang te maak. Dit voel of die Here hom belaglik maak voor die volk en doelbewus sy vrede van hom af wegvat. Die Here maak sy lewe vir hom bitter en al bitterder. Daar is niks in sy lewe wat daarvan getuig dat die Here hom liefhet of weer vir hom die dinge kan omdraai nie. Uit dit wat met hom gebeur, kom daar maar een boodskap en dit is dat die Here vir altyd teen hom gedraai het.

So is dit ook soms in gelowiges se lewe. Veral wanneer ek deur diepe trauma gaan, dan voel ek ontredder, losgeslaan van alle sekerhede, ver van die Here se liefde en genade.

Wat nou maak? In hierdie depressiewe toestand is daar maar een manier waarop Jeremia homself uit die stof kan ophel. Hy gryp vas aan die waarhede wat hy ken en glo. Hy herinner homself aan dit wat hy van God weet: dat die Here se genade en liefde nooit ophou nie, dat die Here nie onbeperk straf nie. Hy maak hierdie waarhede weer in sy hart vas en bou doelbewus sy hoop daarop. Sy geloof maak God se genade en liefde en troue sorg weer vir hom 'n werklikheid. Hy sien die onsienlike met sy geloofsoog. Dit is die manier waarop die Heilige Gees die gelowige laat volhard tydens langdurige, onbegryplike en intense lyding – Hy maak die onsienlike Woord deur die geloof vir ons werklikheid. Hy laat ons ons Verlosser sien en ervaar net deur die Woord waaraan Hy ons herinner.

Sing: Psalm 42:1, 5

Dr. Gert Breed (Randburg)